APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID AFRIKA
DIE FAMILIA DEI NETWERK

BELEID

(**IN OOREENSTEMMING VAN HOOFSTUK 3 VAN DIE KONSTITUSIE VAN DIE KERK**)

1. NAAM

Die naam van die Netwerk is:
DIE FAMILIA DEI NETWERK wat beteken "***DIE FAMILIE VAN GOD***"

2. ONTSTAAN

Die Netwerk het ontstaan as 'n spontane groepering van gemeentes wat in ooreenstemming met Art 3.2.2 van die konstitusie aan kriteria gestel deur die Nasionale Leiers Forum, voldoen het.

Die Netwerk glo en verklaar nederig dat:
2.1 dit sy ontstaan, voortbestaan en bestemming van God het.
2.2 sy voortbestaan gebou word op 'n strewe tot goeie verhoudings met alle gemeentes, streke, nasionale leierskap en ander kerkstrukture.

3. GELOOFSBELYDENIS

Die Netwerk onderskryf die Geloofsbelydenis soos verklaar deur die Apostoliese Geloof Sending van Suid Afrika ingevolge afdeling A3 (Aanhef) tot die konstitusie van die kerk wat as volg lees:

3.1 ONS GLO in die ewige, drie-enige God, Almagtige Skepper, Onderhouer en Regeerder van die ganse skepping.
3.2 ONS GLO in God die Vader, die outeur van die skepping en verlossing.
3.3 ONS GLO in Jesus Christus, die enigste Seun van God die Vader, ware God wat ter wille van die mensdom en sy verlossing van die hemel neergedaal en vlees geword het; wat verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria; wat op die aarde geleef het en gekruisig is, gesterwe het en begrawe was, wat uit die dood opgestaan en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit.
3.4 ONS GLO in die Heilige Gees, ware God wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en in die hele waarheid lei.
3.5 ONS GLO dat die Bybel die word van God is, geskryf deur mense onder die inspirasie van die Heilige Gees; dat dit gesaghebbend die wil van God verkondig en ons alles leer wat vir saligheid nodig is.
3.6 ONS GLO dat alle mense na die beeld van God geskape is; as gevolg van hul sondige opstand is hierdie beeld geskend, dat alle mense voor God gesondig het en dit die wil van God is dat alle mense saligheid sal ontvang deur geloof in Jesus Christus.
3.7 ONS GLO in die doping in die Heilige Gees, met die aanvanklike teken van spreke in tale soos aan alle gelowiges belowe is. Ons glo in die werking van die gawes en vrug van die Gees in die lewe van 'n Christen. Ons glo dat 'n Christen 'n dissipel van Jesus Christus behoort te wees en wat 'n toegewyde en heilige lewe lei.
3.8 ONS GLO dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is wat deur die Heilige Gees saamgevoeg is en wat bestaan uit alle wedergebore gelowiges. Die Kerk is verantwoordelik vir die verkondiging en demonstrasie van die evangelie en God se wil vir alle mense. As charismatiese gemeenskap verkeer hulle onderling en stig mekaar.
3.9 ONS GLO dat die doop van die gelowige deur onderdompeling en die Nagmaal instellings van Jesus Christus is en deur die Kerk onderhou moet word.
3.10 ONS GLO dat op die God-bestemde tyd Jesus Christus Sy Kerk kom wegneem.
3.11 ONS GLO in die oordeelsdag wanneer Jesus Christus die lewende en die dode sal oordeel. Ons glo in die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose. Ons glo in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar God in heerlikheid sal regeer.

4. VISIE

Om ‘n Netwerk van gemeentes te vestig wat deur Apostoliese Vaderskap toegerus en bemagtig word. Om ‘n netwerk van lokale gemeentes internasionaal te vestig wat deur Apostoliese Vaderskap toegerus en bemagtig word om die Groot Opdrag effektief uit te voer.

5. MISSIE/SENDING

5.1 Die Netwerk onderskryf die sending van die Apostoliese Geloof Sending van Suid Afrika ingevolge van A.4 (Aanhef) tot die konstitusie van die kerk, wat as volg lees:

DIE SENDING VAN DIE KERK IS:
5.1.1 Om God te verheerlik
5.1.2 Om die Koningryk van God te verkondig deur die bediening van die evangelie van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees
5.1.3 Om die behoeftes van die mens in sy totaliteit aan te spreek
5.1.4 Om die gelowiges te ontwikkel, toe te rus en geleentheid te gee vir bediening
5.1.5 Om die invloed van die kerk buite sy grense en in die buiteland uit te brei
5.1.6 Om die gemeenskap van die gelowiges en netwerk van bedieninge te promoveer

5.2 DAAROM IS DIE MISSIE VAN DIE NETWERK*:*

Deur die ontwikkeling en vestiging van geïnspireerde leierskap en bestuur binne ‘n dinamiese struktuur en aksies:

5.2.1 Geestelike vaderskap aan leiers te bied.
5.2.2 Leiers te bemagtig.
5.2.3 Hulpbronne aan gemeentes en pastore beskikbaar te stel.
5.2.4 Opleiding rondom bedieninge, leierskap en bestuur te gee en te fasiliteer.
5.2.5 Nasionaal en internasionaal gemeentes te netwerk.
5.2.6 Blootstelling aan en samewerking met streke en ander bestaande netwerke te bevorder.
5.2.7 Leierskaps-, geestelike- en sosiale skakeling vir pastore (met gesinne), leierskap en gemeentes
5.2.8 Die daarstel van ‘n prototipe as model om die Koningryk van die Here en die breë kerk tot diens te wees.
5.2.9 Tegnologie en elektronika te gebruik, te promoveer en ontwikkel tot effektiewe toerusting van pastore en gemeentes
5.2.10 Te werk aan ‘n betekenisvolle nalatenskap met die besef dat die grootheid van ‘n persoon, aksie of instelling gemeet word aan die groei wat dit bewerkstellig
5.2.11 ’n Familiegevoel in die Netwerk te fasiliteer sodat gemeentes onderling mekaar sal versterk en versorg
5.2.12 Gemeentes de daag om ‘n gemeenskapsimpak te hê
5.2.13 Meetbare instrumente daar te stel vir die bepaling van ‘n gemeente se impak

6. KERNWAARDES EN BEGINSELS

Die volgende kernwaardes word deur die Netwerk omarm, gekoester en nagestreef:

6.1 Uitnemendheid in alles wat gedoen word
6.2 Verhoudinge word hoog aangeslaan met die klem op omgee en belangstelling soos in familieverband
6.3 Egtheid en deursigtigheid in alle fasette van netwerk aktiwiteite
6.4 Vertroulike hantering van sensitiewe sake en inligting
6.5 Hoogstaande en professionele hantering van administrasie

7. REGSSTATUS

Die Netwerk is ‘n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, geregistreer as ‘n goedgekeurde nie-geografiese streek binne die A.G.S. Van S.A in terme van artikel 3.2.2 van die konstitusie van die kerk, met die Netwerk komitee so saamgestel in terme van Art. 3.5 van die konstitusie en hierdie beleid as sy agent.

Gevolglik –

7.1 Is die Netwerk ‘n onafhanklike regspersoon onderskei van die kerk en/of sy lidmate/lidgemeentes, en/of die lidmate van die gemeentes en sal, onderhewig aan die regulasies, as onafhanklike regspersoon:
7.1.1 Geregtig wees om vaste eiendom, bates en fondse te besit onderskei van die kerk, gemeentes en lidmate van die kerk
7.1.2 Geregtig wees om regte, verpligtinge, voorregte, magte en verantwoordelikhede op te neem, onderskei van die kerk, gemeentes en lidmate van die kerk
7.1.3 Geregtig wees om regsaksies in sy eie naam in te stel en/of te verdedig
7.1.4 Geregtig wees om regshandeling van watter aard ook al in sy eie naam te verrig
7.1.5 Geregtig wees om eiendom te verkry, te vervreem en/of te beswaar en op enige wyse daarmee te handel
7.1.6 Geregtig wees om persone in diens te neem, welke indiensneming insluit die beroep van ‘n pastoor of enige ander bedienaar soos bedoel in die konstitusie van die kerk
7.2 Die Netwerkkomitee het die bevoegdheid om enige regshandeling te verrig wat nodig mag wees om die roeping van die kerk te vervul in besonder en om die besigheid en sake te bedryf en om die magte te beoefen en om die bedrywighede te beheer van die netwerk namens die netwerk.
7.3 Die netwerkkomitee sal inkomste, uitgawes, bates en laste van die netwerk ontvang, administreer en daaroor rekenskap gee, ingevolge die bepalings van die Nasionale Finansiële Beleid wat deel vorm van die regulasies tot die konstitusie van die kerk.
7.4 Die konstitusie en regulasies van die kerk sal die konstitusie en regulasies van die netwerk wees (in soverre enige toekomstige wysigings van die kerk se konstitusie en regulasies nie die verkreë regte en voorregte van die netwerk en in besonder sy bestaan en voortbestaan, nie nadelig mag beïnvloed nie.)

8. LIDMAATSKAP/GEMEENTES

8.1 OPNEEM PROSEDURES

Die volgende prosedures is van toepassing vir die A.G.S. gemeentes om deel van die Netwerk te word:

8.1.1 Gemeentes wat in terme van Art.3.2.2 en Aanhangsel 3.2.2 van die konstitusie van die kerk deel was van die totstandkoming van die Netwerk is gemeentes van die Netwerk en het die status van stigterslede.
8.1.2 Nuwe aansoeke van A.G.S gemeentes sal interme van Art.11 Aanhangsel 3 van die konstitusie hanteer word, nadat die aansoek in beginsel deur die Netwerk komitee aanvaar is en die gemeente voldoen aan al die vereistes gestel in Aanhangsel 3.2.2
8.1.3 Nie-A.G.S gemeentes se aansoeke tot lidmaatskap van die Netwerk sal deur die Netwerk Direksie oorweeg en goedgekeur word slegs as die leerstellings van die aansoekende gemeente versoenbaar is met die leerstelling van die A.G.S. van S.A.

8.2 LIDMAATSKAPVOORWAARDES

8.2.1 Gemeentes in goeie stand met die kerk, wat die Geloofsbelydenis van die kerk onderskryf en streef na uitnemendheid in leer, bediening en diens kwalifiseer om vir lidmaatskap oorweeg te word.
8.2.2 Die Netwerk Leierskap Forum sal bestaan uit al die pastore wat aanbid by geregistreerde gemeentes van die Netwerk sowel as afgevaardigdes van die gemeentes.

8.2.3 Die Netwerk glo aan spontane en vrye assosiasie en is gemeentes vry om na ander netwerke of streke te verskuif mits voldoen is aan Art.11.3 van aanhangsel 3.2.2 van die konstitusie en die Netwerk Komitee geleentheid tot ‘n in diepte gesprek met die beheerliggaam van die betrokke gemeente gehad het.

8.3 DISSIPLINÊRE EN GRIEWE PROSEDURE

8.3.1 Die ***Dissiplinêre en Griewe Prosedure*** van die kerk ten opsigte van lede sal mutandis op gemeentes van toepassing wees.
8.3.2 Die Netwerk Direksie mag vir ‘n gemeente op aanbeveling van die Netwerk Direksie, en die behoorlike nakom van 8.3.1 hierbo, ‘n gemeente versoek om by ’n geografiese streek of ander netwerk in te skakel.

9. NETWERK KOMITEE

Die Netwerk Direksie sal saamgestel word kragtens Art. 3.5 van die konstitusie op die volgende grondslag.

AANSTELLING VAN VOORSITTER

9.1 Dit sal op ‘n spontane basis geskied deur die identifisering van ‘n persoon met ‘n vaderskapshart wat verder daarvoor toegerus word. Hy is die verteenwoordiger op die Nasionale Leierskaps Forum van die A.G.S. en moet voldoen aan Art.4.5 van die konstitusie.
9.2 Die Netwerk sal 3 jaarliks onder Voorsitterskap van die Netwerk Bestuurder besin oor die Voorsitter. Indien die bestaande Voorsitter nie meer die steun van 60% van die lede het nie, sal daar deur nominasie en stemming ‘n nuwe voorsitter aangewys word.
9.3 Die voorsitter stel ‘n komitee saam met bekragtiging deur die Netwerk Forum.
9.4 Die komitee sal uit minstens ses lede bestaan wat oor bepaalde bestuurskundighede beskik.
9.5 Die Netwerk komitee tree op as die gemagtigde uitvoerende agent en adviesliggaam van die Netwerk.
9.6 Die Netwerk Leierskaps forum mag ander komitees saamstel om spesifieke opdragte uit te voer.

10. VERGADERING

10.1 Die Netwerk Leierskaps forum vergader op tye en plekke soos intern gereël, wat minstens twee keer per jaar sal wees.
10.2 Die Netwerk Komitee vergader wanneer nodig.
10.3 Die kworum vereistes is vir die Forum en Komitee meer as die helfte van die gemeentes en lede onderskeidelik.
10.4 Al die pastore wat kwalifiseer ingevolge paragraaf 8.2.2 hierbo plus hoogstens twee afgevaardigdes per gemeente sal stemgeregtig wees op die Netwerk vergaderings.
10.5 Die netwerk vergadering waar die jaarlikse finansiële state voorgelê word sal geag word die jaarlikse algemene vergadering te wees waar die netwerk komitee aangestel word en wysigings aan die beleid oorweeg kan word.

11. WYSIGINGS

Wysigings aan die beleid kan slegs op ‘n behoorlike gekonstitueerde Netwerk vergadering plaasvind met ‘n meerderheid stemme.

11.1 BELEID

Om hierdie beleid op enige manier te wysig moet geskrewe kennisgewing voorgelê word aan die bestuurder van die netwerk ten minste 60(sestig) dae voor die volgende jaarlikse algemene vergadering. In sodanige kennisgewing moet volledige besonderhede van die voorgestelde wysiging/s, insluitend ‘n motivering daarvoor, verstrek word. Hierna sal kennisgewing ten minste 21 dae voor die volgende Netwerk vergadering gesirkuleer word en ‘n twee derde meerderheid stem van die teenwoordige stemgeregtigde lede by die vergadering sal besluit of die beleid so gewysig word al dan nie.

11.2 VRYWARING TEEN ONGEMAGTIGDE OPTREDE

Onder geen omstandighede sal die netwerk of enige ander regspersoon soos bepaal in hierdie beleid verantwoordelikheid aanvaar vir die aankope of enige ander finansiële- of regsaanspreeklikheid deur enige persoon of enige liggaam aangegaan, wat nie behoorlik daartoe gemagtig is deur die betrokke liggaam of regspersoon ingevolge die bepalings van hierdie beleid nie.

11.3 VRYWARING VAN LEDE

Elke lid van enige statutêre liggaam of regspersoon soos omskryf in hierdie beleid, sal deur die netwerk gevrywaar wees van verliese, uitgawes of skulde deur hom/haar aangegaan in die uitvoering van sy/haar pligte, met dien verstande dat sodanige verliese, uitgawes of skulde aangegaan, nie as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid of versuim veroorsaak is nie.

11.4 VRYWARING TEEN OPTREDE VAN ANDER

Geen lid van enige statutêre liggaam of regspersoon soos omskryf in hierdie beleid, sal aanspreeklik wees vir die optrede, versuim of onbetaalde skulde van enige ander lid van die betrokke statutêre liggaam of regspersoon, of vir enige verlies wat die netwerk op enige wyse mag ly nie, tensy sodanige optrede, versuim, onbetaalde skulde of verlies veroorsaak is as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid of versuim.

J STEYN
VOORSITTER

B TAUTE
BESTUURDER